## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## ACIM: Elke Donderdag 7pm Kolping
## Ete na die Diens: Sondag 2 Junie

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________________________

**E-Mail**______________________________ **Sel**______________________

**Woonadres**

______________________________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:
Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel** | Ons vra 'n maandelikse bydrae |
| Takkode: **201-409** | hetsy per koevert of per EFT |
| Rekening: **551 601 09804** | **Groot ASSEBLIEF en DANKIE** |



# Neo-Spektrum

## 26 Mei 2013

## GELOOF (INTENSIE)
## HOOP (GEDULD)
## LIEFDE (DOEN)

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Vivaldi's Rain — Celtic Woman ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Hy deur wie die Sewester en Orion gemaak is,
Hy wat die donker in oggendlig verander
en die dag donker nag laat word,
Hy wat die water van die see roep
en dit oor die aarde uitstort,
sy Naam is die Here God.
(Amos 5:8)

U lig brand in ons midde,
U lig omring ons liggame,
U lig skyn in ons gedagtes,
U lig weerkaats vanuit ons harte.
—
Mag U lig vanuit ons weerkaats
sodat ander U liefde in ons sien
en daaraan herinner sal word:
U is die LIG van die wêreld!

**- STILTETYD -**

______________

## - A CELEBRATION OF LIFE -

# GESPREKSIRKEL

Jakobus 1: **Spieëls** — God versoek niemand nie, verwagtinge en begeertes verlei ons
Jakobus 2: **Vensters** — God sien ons potensiaal, nie ons persepsies en projeksies nie
Jakobus 3: **Deure** — God is waarheid, dit gee vir ons insig (kennis) en uitsig (wysheid)

## BREEK DIE MURE AF: JAKOBUS 4:1-3; 7-8; 17

1 Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie
van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? 2 Julle wil dinge
hê *(begeer)*, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers *(obsessie)* op 'n
ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en
baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. 3 As julle **BID**, ontvang julle nie,
omdat julle *verkeerd* bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.
7 Onderwerp julle dan aan God. Staan die **duiwel** *(valslik beskuldig/aankla/weggooi)*
teë en hy sal van julle af wegvlug. 8 Nader tot God en Hy is naby. Was julle hande, en
**reinig** *(ritueel)* jul harte, **huigelaars** *(double mindedness [Jak1:5])*.
17 As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde.

## MAAK 'N TUIN: JAKOBUS 5:7-11; 13-16; 19-20

**Volharding:** 7 Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer
wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig totdat dit die vroeë
en laat reëns gekry het. 8 Wag geduldig en hou moed *(jul harte versterk)*, want dit is
nie meer lank nie, dan verskyn die Here. 9 Moenie oor mekaar kla nie, sodat julle nie
mekaar veroordeel nie. 10 Neem die profete wat in die Naam van die Here gepraat
het, as voorbeelde van lyding en geduld. 11 Ons noem hulle geseënd omdat hulle
volhard het. Julle het gehoor van Job se volharding en julle het gesien waarop die
Here dit laat uitloop het. Die Here is immers ryk aan barmhartigheid en ontferming.
**Gebed:** 13 As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand
opgeruimd is, moet hy lofliedere sing. 14 As daar iemand van julle is wat siek is, moet
hy die ouderlinge laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf in die
Naam van die Here. 15 En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die
Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word. **16 Bely
julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.
Die gebed (ἐνεργέω — energie) van 'n gelowige het kragtige uitwerking.**
19 As een van julle van die waarheid afdwaal en iemand sou hom terugbring, **20 weet
dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en
maak dat 'n menigte sondes vergewe word.**

GEBED fokus intensies. GEBED fokus gedagtes. GEBED fokus ons wil op die splendour/delight van God
GEBED gee **insig** (waarheid). GEBED gee **uitsig** (wysheid). GEBED gee **perspektief** (konteks)
GEBED bring **vergiffenis** (geloof) GEBED bring **volharding** (hoop) GEBED bring **dankbaarheid** (liefde)

Wat ek dink ek het verloor, of nodig het .. is wat ek geroep is om te gee —
Wat ek veroordeel, veroordeel my ... en wat ek seën — seën my **(ubuntu)**

# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING

~ THE BLESSING — CELTIC WOMAN ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

*En 'n vrou met 'n kind teen haar bors het gesê: praat met ons oor kinders —*
*en hy het gesê: Jou kinders is nie jóú kinders nie. Hulle is die seuns en dogters*
*van die almagtige Lewe en alomteenwoordige Liefde.*
*Hulle kom deur jou en nie van jou nie, en alhoewel hulle met jou is,*
*behoort hulle nie aan jou nie.*
*Jy mag vir hulle jou liefde gee maar nie jou gedagtes nie,*
*want hulle het hul eie.*
*Jy mag hulle liggame huisvesting gee maar nie hulle siele nie,*
*want hulle siele behoort aan die huis van môre wat jy nie kan besoek nie,*
*nie eers in jou drome nie.*
*Jy mag wens om soos hulle te wees,*
*maar moenie begeer om hulle soos jy te maak nie,*
*want die lewe leef nie agteruit nie en besoek nie gisters nie.*
*Julle is die boë van waar jul kinders se lewenspyle geskiet word.*
*Die Boogskutter sien die merk van die oneindige*
*en Hy buig jou sodat die pyl met krag, ver en vinnig kan gaan.*
*Laat jou buiging in die hande van die Boogskutter met vreugde gepaardgaan*
*want net so lief soos Hy die pyl het, net so lief het Hy die standvastige boog.*
*— Kahlil Gibran — Die Profeet —*

---

Laat die Lig van Sy liefde in ons lewe skyn,
Laat die Lig van Sy liefde elke dag met ons wees,
Laat die Lig van Sy liefde ons herinner dat ons één is met God.
Laat die Lig van Sy liefde vir ons die uitsig gee van 'n groter perspektief.
Laat die Lig van Sy liefde aan ons die vlerke van Heilige engele gee.

~ TWINKLE LULLABY — THE PIANO GUYS ~